# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**FEBRUARIE / MAART**

**2007**

# GESKIEDENIS VAN TEATER, KOSTUUM EN LETTERKUNDE

**SG**

Tweede Vraestel

**612-2/2 A**

GESKIEDENIS VAN TEATER ens SG: Vraestel 2

612 2 2A SG

X05

4 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS VAN TEATER,
KOSTUUM EN LETTERKUNDE SG
(Tweede Vraestel)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 120**

---

**INSTRUKSIES:**

- Jy moet VIER vrae uit hierdie vraestel beantwoord.
  - TWEE vrae uit Afdeling A
  - EEN vraag uit Afdeling B
  - EEN vraag uit Afdeling C
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die nommers wat op die vraestel gebruik is.
- Elke vraag tel 30 punte.

---

## AFDELING A
## POËSIE

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 1

Breyten Breytenbach se poësie en prosasketse verteenwoordig 'n nuwe inset vir die Afrikaanse letterkunde deur die vryer, uitgesproke erotiek en deur die temas van ballingskap en betrokkenheid.

1.1 Verwys na DRIE gedigte van Breytenbach waarin nie-metriese patrone en afwesigheid van vaste versvoete voorkom. (6)

1.2 Heelwat van sy gedigte handel oor 'n terugkeer na Suid-Afrika en kan beskryf word as "onthou-oë". Bespreek kortliks DRIE van hierdie gedigte om hierdie stelling te bewys. 3x5=(15)

1.3 Skets kortliks die agtergrond en relevante biografiese inligting van hierdie kontroversiële kunstenaar. (9)
**[30]**

## VRAAG 2

Elizabeth Francoise Eybers word deur John Kannemeyer beskryf as die vroulike hart met al sy stemminge en is een van die sterkste digterstemme in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde. Verwys na gedigte wat oor DRIE van die volgende herkenbare temas handel:

- Jong meisie
- Minnares en moeder
- Ouderdom
- Kunstenaarskap 3x10=**[30]**

## VRAAG 3

In die derde fase in Van Wyk Louw se kunstenaarskap word 'n hoogtepunt bereik met *Tristia en ander verse*. Die **preokkupasie met die digterskap**, die **soeke na geestelike helderheid** asook die **eensaamheid van die digter** kom in *Tristia* tot uiting. Bespreek hierdie stelling deur na gedigte uit hierdie bundel te verwys. 3x10=**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

# AFDELING B
## PROSA

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

## VRAAG 4

Die tradisionele roman in Afrikaans is geskryf oor historiese gebeure en agtergrond. Daarteenoor bied die nuwe Afrikaanse historiese roman 'n vars blik op die geskiedenis. Prof. Johan Johl verwys daarna as die "kuns om om te kyk" eerder as om "terug te kyk".

Bespreek die roman wat jy behandel het aan die hand van die volgende aspekte:

- Die verteller
- Karakteruitbeelding
- Dialoog
- Temas
- Opheffing van die verskille tussen die hede en die verlede

NB. Gee asseblief die titel van die roman, asook die outeur in jou antwoord.

**VRAAG 5**

Maak gebruik van kortverhale deur Jan Rabie, Abraham de Vries, Chris Barnard of Hennie Aucamp en bespreek VYF van die volgende literêre begrippe:

- Ironie
- Eksistensialisme
- Surrealisme
- Aktualiteit
- Ruimte en tyd
- Simboliek

5x6=**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C
## DRAMA

**VRAAG 6**
**VERPLIGTEND**

Al was die vernuwing in die Afrikaanse drama nie so verrassend en beslissend as dié op die gebied van poësie en prosa nie, vind daar in 1955 wel 'n oplewing plaas wanneer Bartho Smit debuteer en as teoretikus met verskillende tegnieke eksperimenteer. Dramaturge wat verder op sy voorbeeld sou voortbou, is o.a. Pieter Fourie, Corlia Fourie, P.G. du Plessis, Pieter-Dirk Uys, Reza de Wet en Deon Opperman. Die klem in hulle werk val veral op eksistensialistiese problematiek en die aard en samestelling van die hoofkarakters.

Maak gebruik van die drama wat jy vanjaar bestudeer het en bespreek VYF van die volgende aspekte:

- Skyn en syn in die drama
- Terugflitse
- Didaskalia
- Spanningslyn
- Komiese
- Gebruik van kontraste
- Verskeie ruimtes
- Paradokse

5x6=**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 120**

**EINDE**